Die Republiek van die Oranje-Vrystaat

Voor Suid-Afrika in 1994 ’n **demokrasie** geword het en vandag uit nege provinsie bestaan – een waarvan die Vrystaat – het die **Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS)** tussen 1854 en 1902 in die gebied tussen die Oranjerivier en die Vaalrivier bestaan. Dit was die eerste onafhanklike Afrikaner-republiek met sy eie **grondwet**. Die Oranje-Vrystaat het in 1910 ’n provinsie van die Unie van Suid-Afrika geword.

Voorgeskiedenis

Teen die 1840’s was daar vier sterk gemeenskappe wat in die gebied, wat later die Vrystaat sou word, gewoon. In die suidooste, min of meer waar Lesotho vandag is, was die Sotho-volk onder Moshoeshoe. In die weste was die Griekwas onder Adam Kok III.

Die Griekwas het onder leiding van Adam Kok III gestaan.

Daar was ook twee wit groepe. Die een was trekboere – wit veeboere wat nie aan die Groot Trek deelgeneem het nie. Hul leier was Michiel Oberholzer, en hulle was **lojaal** aan die Britse regering. [1]

Die ander was Voortrekkers wat ná 1836, toe die Groot Trek deur dié gebied na Natal en Transvaal beweeg het, daar agtergebly het. Hulle was republikeine, met ander woorde hulle wou onafhanklik van Brittanje wees. Hul leiers was Jan Kock en Jan Mocke. Hulle het die dorpie Winburg naby die Vetrivier gestig. [2]

Die Groot Trek oor die Noordelike Drakensberg.

In 1848 het die Britse goewerneur, sir Harry Smith, die gebied geannekseer. Hy

wou konflik tussen die verskillende groepe verminder, en het ook gedink die inwoners wou anneksasie gehad het. Die republikeine wou egter nie die anneksasie aanvaar nie, en daar het ’n oorlog uitgebreek waarin die Britte die Voortrekkers by die Slag van Boomplaats verslaan het.

Sir Harry Smith, die Britse goewerneur.

Boer teen Brit by die Slag van Boomplaats.

In die volgende ses jaar het die Britte gesukkel om grense tussen die gemeenskappe vas te stel en wou die verskillende groepe – veral die Sotho’s en die Voortrekkers – met mekaar **versoen** en wou hê dat hulle Britse beheer aanvaar. [2]

Teen 1854 moes die Britte besluit: bly in die gebied en los die probleme op – met die uitgawes en gesukkel wat daarmee gepaardgaan – of onttrek. Hulle het gekies om te onttrek. Dit het in elk geval nie gelyk of die gebied enige waarde gehad het nie. [2]

Die seël van die Oranje-Vrystaat.

Staatsvorming

Die eerste demokraties verkose Volksraad in Suid-Afrika is op 2 Desember 1836 tydens ’n volksvergadering in die laer van Voortrekkerleier Hendrik Potgieter naby Thaba Nchu verkies om ’n voorlopige regering vir die Voortrekkers daar te stel. ’n Burgerraad van sewe lede is verkies, met Gerrit Maritz as regter-president en Potgieter as “leger kommandant” van die gekombineerde Potgieter- en Maritz-trekke. ’n Grondwet bestaande uit nege klousules is daarna by ’n volksvergadering in Winburg op 6 Junie 1837 aanvaar. [2]

Hendrik Potgieter was die “leger kommandant” van die gekombineerde

Potgieter- en Maritz-trekke.

Die Bloemfontein Konvensie is op 23 Februarie 1854 onderteken. Daarvolgens is die Republiek van die Oranje-Vrystaat amptelik gestig, totaal vry van Britse beheer. Die lede van die regering is op demokratiese wyse deur wit manlike inwoners verkies. [2]

Daar was omtrent 15 000 wit inwoners in 1854, en meeste, maar nie almal nie, was republikeinsgesind. [1]

Die presidente van die OVS was, onderskeidelik: J.P. Hoffmann (1854-1855); J.N. Boshof (1855-1859); M.W. Pretorius (1859-1864); J.H. (Jan) Brand (1864-1888); F.W. Reitz (1889-1894); en M.T. Steyn (1895-1902). [2]

Jan Brand

M.W. Pretorius

President Reitz van die Vrystaat en President Kruger van die ZAR by die geleentheid van die aansluiting van Transvaal en Vrystaat per spoor, 21 Mei 1892. Sammy Marks staan vyfde van regs.

Die hoofstad was (vanaf 1850-1902) in Bloemfontein. Tydens pres. Brand se regeringstyd is die lied “Heft, Burgers, ‘t lied der vrijheid aan”, as amptelike volkslied aangeneem. [2]

Bladmusiek van die lied van die Oranje-Vrystaat.

Die eerste klompie jare van die Republiek van die Oranje-Vrystaat se bestaan het dit ekonomies sleg gegaan. Die OVS het nie eintlik ’n bron van inkomste gehad nie, en moes dus geld by buitelandse banke leen. Baie burgers was traag om hul burgerlike plig, soos om belasting te betaal en kommandodiens te doen, na te

kom. [3]

Die hantering van swart groepe

Geen ander bevolkingsgroepe is by die regering betrek nie. Die swart groepe het ook nie daarvoor gevra nie. Hulle hoef dus nie burgerplig, soos veg in oorloë, te doen nie. Daar is ’n beleid van **segregasie** toegepas, waarvolgens elke groep sy eie grondgebied gekry het, soos dit in daardie stadium in die koloniale wêreld gegaan het. Die regering wou egter nie gehad het dat die plaaslike groepe wapens kry nie omdat hul getalle soveel meer was. Hulle het wel op Vrystaatse plase gewerk en moes belasting betaal. [2]

Binne die grense van die OVS is drie klein, geïsoleerde **reservate** vir swart mense opsy gesit. Die totale gebied was minder as 1% van die grond. Daar is nie voorsiening gemaak vir Afrika-gebruike nie, en stamwette en tradisionele huwelike is nie erken nie. Die OVS se wette het vir almal gegeld. Daar was baie min swart leierskap of regeringsbetrokkenheid. Een uitsondering was die Waaihoek-woonbuurt naby Bloemfontein, wat swart raadslede en ’n swart burgemeester gehad het. [3]

Kwessies in die geskiedenis van die OVS

Die geskiedenis van die Vrystaat word vervolgens in vyf dele bespreek: konflik tussen die Sotho’s en die regering; die diamantveldvraagstuk; die Britse anneksasie van Transvaal in 1877; die Eerste Vryheidsoorlog, die tydperk tussen 1880 en 1899; en die Anglo-Boereoorlog. [2]

Konflik tussen die Sotho’s en die regering

Die Sotho’s en die inwoners van die Vrystaat het geveg oor grond. Moshoeshoe se volgelinge het deur die 19de eeu vermeerder, en kon net noord of wes uitbrei. (Suid en oos was die Xhosa’s, en daardie gebiede was reeds dig bevolk.) Noord en wes het die wit Vrystaatse boere gebly. Die Sotho’s het die Vrystaat as húl land beskou, daarom is dit geen wonder dat daar tussen 1854 en 1868 ’n gedurige

stryd was nie. [2]

Moshoeshoe

Die eerste amptelike oorlog was in 1858 toe die Vrystaatse kommando's 'n onsuksesvolle aanval op Moshoeshoe se hoofstad, Thaba Bosiu, aangevoor het. In reaksie hierop het die Sotho-krygers die OVS binnegedring en plase geplunder. Pres. Boshoff het beide die president van die ZAR, M.W. Pretorius, en die Kaapse goewerneur, sir George Grey, om hulp gevra. [2]

Sir George Grey, die Kaapse goewerneur.

Pretorius het hulp aangebied op voorwaarde dat die twee republieke verenig. Grey wou dit egter nie toelaat nie, en het gedreig dat Brittanje nie die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensie sou huldig indien hulle saamsmelt nie. Pretorius het hierop sy aanbod onttrek. Boshoff het toe nie 'n keuse gehad as om Grey se hulp te aanvaar nie. Die Britte se ingryping het tot 'n nuwe grens gelei, maar die konflik het voortgeduur. [2]

Tussen 1858 en 1865 het die verhouding sleg gebly. Die Sotho-volk het hulle al hoe meer begin vestig op land wat beide die OVS én die Sotho's as húlle s'n beskou het. Dit het uiteindelik uitgeloop op nóg 'n oorlog. Hierdie oorlog het beter verloop vir die OVS. Hulle het uiteindelik die Sotho-krygsmag totaal oorrompel. Moshoeshoe het toegestem tot die Verdrag van Thaba Bosiu van 1866, waarin hy vrugbare dele van sy land aan die OVS moes afstaan. [2]

Dit was egter nog nie die einde nie. Oorlog het weer in 1867 opgevlam. Toe die Sotho-magte weer verslaan is, het Moshoeshoe by die Britte gepleit vir ingryping. Dit was suksesvol, en in Maart 1868 het Basoetoeland 'n Britse **protektoraat** geword. Die Sotho's het hierdie keer finaal groot dele van die grond verloor wat hulle voor 1865 besit het. [2]

Dit was die einde van die oorloë met die Sotho-volk. Vir die Vrystaters het dit beteken hulle kon nou in vrede hul republiek opbou. [2]

Bloemfontein in die 1850's.

Die diamantveldvraagstuk

Die ontdekking van diamante in 1866 waar Kimberley vandag is, het alles verander. Daar het natuurlik onmiddellik konflik ontstaan oor wie die grond, waar die diamante gevind is, besit het. Daar was verskeie aanspraakmakers.

Die Griekwas onder Nicolaas Waterboer het op die hele gebied aanspraak gemaak. Die OVS het gesê die gebied tussen die Vaal- en Garieprivier (Oranjerivier) was hulle s'n. Daar was ook aansprake van Transvaal, die Thlaping-, die Rolong- en die Kora-bevolkingsgroepe. [1]

Werkers op 'n trem by 'n diamantmyn in Kimberley.

Daar word gedelf dat die stof spat by Kimberley.

In Mei 1871 het 'n Britse **arbiter** bepaal dat die grootste deel van die diamantveld aan die Griekwas behoort het. Tien dae later het die Kaapse goewerneur, sir Henry Barkly, Britse gesag oor die gebied aangekondig, **kwansuis** om die Griekwas te beskerm. Dit het eintlik maar net beteken dat Brittanje die gebied oorgeneem het. [4]

Henry Barkly, Kaapse goewerneur tydens die strijd om beheer van die diamantvelde.

Pres. Brand het geweier om die Britse arbiter se besluit te aanvaar, en aangedring op 'n **neutrale** arbiter, maar dis geïgnoreer. Ander Vrystaters het die saak hof toe gevat, want 143 plase wat aan Vrystaatse boere behoort het, was nou onder Britse beheer. Die hof in Griekwaland-Wes het in die boere se guns beslis. Brand is toe Londen toe om direk met die Britse regering te praat.

‘n Delwersgesin in die Noord-Kaap.

Hulle wou nie sy aansprake op die diamantvelde aanvaar nie, maar het hom £90 000 aangebied. In daardie dae was Suid-Afrika se geldeenheid nog die Britse pond en as ons dit omskakel na die waarde van só ’n bedrag in vandag se tyd, sal dit sowat £11 783 000 wees [3] – ’n allemintige bedrag van ongeveer R2,364 miljard [1] en ’n klein fortuin in daardie tyd! Brand het dit aanvaar, en daarmee was die saak amptelik afgehandel. [2]

Die ontdekking van diamante en die kwessies ten opsigte van die beheer daaroor het ’n paar belangrike gevolge gehad.

Tennis in die veld op Rouxville in die 1890’s.

Eerstens het dit die bande tussen die OVS en die ZAR versterk. In 1872 het die twee sogenaamde susterrepublieke die Transvaal-Vrystaatse Vriendskapsverdrag gesluit. [1] Dit was ook ’n ekonomiese inspuiting.

Eerstens kon Brand die £90 000 wat hy gekry het, gebruik om die Vrystaat se infrastruktuur te verbeter en op te bou. Hy het ’n telegraaflyn na Bloemfontein aangelê en paaie, brûe en treinspore laat bou. Hy het ook ’n nasionale bank laat oprig om die ekonomie te bevorder. [5]

Bloemfontein in die 1880’s.

Die diamantvelde het baie geleenthede gebied vir die boere van die Wes-Vrystaat. Daar was markte vir hul plaasprodukte, en geld in **transportry.** [1]

Die diamantvelde het **ongeskoolde** werkers nodig gehad. Daar het dus duisende swart werkers oor en weer deur die OVS tussen die myne en hul huise beweeg. Dit het die Vrystaters onveilig laat voel. ’n Belangrike gevolg hiervan was dat daar strenger reëls ingestel is om die swart mense se beweging te reguleer, veral deur nuwe **passtelsels**. [2]

Pres. Steyn se eerste amptelike besoek aan Harrismith.

Die OVS se bevolking het skerp gegroei in hierdie tyd: teen 1878 was daar ongeveer 45 000 inwoners – 30 000 wit, en altesaam 15 000 swart en bruin. [3]

Die Britse anneksasie van Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog

Hoewel die OVS nie direk betrokke was by die Eerste Vryheidsoorlog nie, het dit tog ’n belangrike impak gehad. Die optrede van die Britte het empatie vir die Transvalers onder die Vrystaters verwek, en dit het die bande tussen die Boererepublieke versterk. So het ’n Vrystaatse regeringslid, byvoorbeeld, in 1879 verklaar dat “sy hart warm vir die Transvalers klop”.

Pres. Kruger in onderhandeling met die Britte.

Honderde Vrystaters het die Transvalers gaan help veg. Brand was nie ten gunste van oorlog nie, en het probeer om die konflik sonder oorlog op te los. Hy het ook ’n rol gespeel in die voorlopige vredesooreenkoms tussen die Britte en die OVS aan die einde van die oorlog. [2]

Vredesonderhandelinge. Op die foto is Pretorius, Kruger, Wood, Brand, Joubert en Jorissen.

Die tydperk tussen 1880 en 1899

Brand was ’n uitstekende president. Hy het egter soms gesukkel om ’n goeie verhouding met sy burgers op te hou. Dit was omdat hy besef het sy vooruitgang hang van ’n goeie verhouding met Brittanje af. Daardie idee was nie altyd so gewild onder die Vrystaters nie. [2]

Brand het egter die grondslag gelê vir ’n modelrepubliek. Teen sy dood het die OVS behoorlike finansiële bestuur, ’n nasionale bank en onafhanklike regstelsel

gehad. Dit het handelaars en sakelui na die OVS gelok, en **korrupsie** uitgeroei. Daar was ook ’n moderne onderwysstelsel. Verder was die OVS welvarend, met ’n goed ontwikkelde infrastruktuur, soos telegraaflyne en ’n spoorlynverbinding met Kaapstad. [3]

Pres. Reitz het vir Brand opgevolg. Sy regeringstyd was ’n verdere tydperk van welvarendheid. Daar was goeie markte by die diamantmyndorpe, en die spoorweë is uitgebrei om daaruit voordeel te trek. Hy het ook nog skole laat bou. [2]

Reitz is in 1895 deur pres. Steyn opgevolg. Steyn was, soos die meerderheid Vrystaters, ’n voorstaander daarvan dat daar nouer bande met Transvaal gesmee word. Dít het gelei tot ’n politieke **bondgenootskap** in 1897. [2]

Pres. F.W. Reitz

Die Anglo-Boereoorlog

Teen 1899 was dit oorkant die Vaalrivier vir pres. Paul Kruger van Transvaal duidelik dat oorlog met Brittanje op pad was. In September 1899 het hy vir Steyn laat weet dat hy gevoel het dis beter om vinnig oorlog te maak – voor daar té veel Britse soldate in Suid-Afrika aangekom het. Steyn het saamgestem. Op 11 Oktober 1899 het die OVS dus as bondgenoot van Transvaal oorlog teen Brittanje verklaar. [2]

Pres. Paul Kruger van die ZAR.

Pres. M.T. Steyn

Die oorlog was vir die Vrystaters katastrofies. Duisende burgers is dood, duisende vroue en kinders het in die konsentrasiekampe gesterf, en omtrent al die plaashuise is afgebrand. [2]

Konsentrasiekampmoeder met haar sterwende dogtertjie op haar skoot.

Boere-artilleriste

Twee plaasopstalle word afgebrand.

Britse magte trek Bloemfontein binne.

Die einde van die Republiek

Die oorlog het ook die einde van die OVS beteken. Volgens die Vrede van Vereeniging het die Vrystaat sy onafhanklikheid verloor. Die ooreenkoms is op die aand van 31 Mei 1902 in die Melrose-huis in Pretoria onderteken. [2]

Melrose-huis in Pretoria.

Hierna het die Vrystaat as die Oranjerivierkolonie bekendgestaan. Dit sou so wees tot in 1910, toe die Vrystaat een van die vier provinsies geword het van die Unie van Suid-Afrika, met Bloemfontein as een van die hoofstede.

Woordbank

arbiter	’n Onpartydige persoon wat besluit hoe ‘n geskil tussen mense vreedsaam opgelos moet word.
bondgenootskap	Vereniging of verbond tussen mense/volke.
demokrasie	‘n Staat wat ‘n regering het wat deur al die land se mense verkies is.
grondwet	Die basiese stel wette waarvolgens ‘n land regeer word.
korrupsie	Oneerlike optrede, veral deur iemand met mag.
kwansuis	Na bewering … (maar nie werklik nie).

lojaal	Om getrou aan iemand of iets te wees.
losprys	Die som geld wat betaal word om iemand vry te maak.
neutrale	Nie kant kies nie; onpartydig wees.
ongeskoolde	Werkers wat nie opgelei is nie.
passtelsels	Stelsel waarvolgens sekere groepe amptelike dokumente moes dra wat aan hulle die reg gegee het om êrens in te gaan.
protektoraat	’n Gebied wat ‘n sterk staat onder sy beskerming plaas sonder om dit te annekseer of die inwoners daarvan onderdane te maak, maar waaroor die beskermheer tog alle staatsmagte uitoefen.
reservate	Gebied wat vir ‘n spesiale doel opsygesit word.
segregasie	Beleid waarvolgens rasse, klasse of etniese groepe geskei word.
transportry	Goedere vervoer.
versoen	Om ‘n vyandskap tot ‘n einde te bring.
voëlvry	Om nie meer deur die wet beskerm te word nie; en kan deur enigiemand vervolg word.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Geboorte van die Boererepublieke**
- **Oranje-Vrystaat**

Kyk dié video om meer te wete te kom

Só klink die volkslied van die Republiek van die Oranje-Vrystaat